# WERKKAART 5
# MODULE 4

1. Blaai na die weerkaart op bladsy 79. Skryf die name van die dorpe in Suid-Afrika waar die maksimum temperatuur tussen 20 $^{o}$C en 30 $^{o}$C is, alfabeties neer.

2. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.
   a) Die (blaf) honde en (loop) water veroorsaak dat ek nie kan slaap nie.
   b) Ek geniet tans (blakend) gesondheid na my vakansie in die mooiste Kaap.
   c) In die Wes-Kaap kan jy (pluk) blomme by die blommemark koop.
   d) Sjoe, dit is nou 'n (pas) antwoord wat jy vir die toeriste in die (skroei) son gegee het.
   e) Die gesprek sal verder agter (gesluit) deure plaasvind nadat daar 'n (ooglopend) verskil is.

3. Brei die volgende enkelvoudige sinne uit deur van bepalings gebruik te maak. Blaai na *In 'n neutedop* op bladsy 86 om bepalings te hersien.
   a) Diere het vroeër jare nie sterte gehad nie.
   b) Jakkals stap verby die diere.
   c) Dassie lê en slaap.
   d) Mamma Dassie is bekommerd.

4. Blaai na die gedig op bladsy 94 en 95 en beantwoord die volgende vrae.
   a) Skryf die hulpwerkwoord in versreël 1 neer.
   b) Herskryf versreël 2 na 'n stelsin in die verlede tyd. Begin jou sin met: *Kosie . . .*
   c) In versreël 13 kom 'n hulpwerkwoord van wyse voor. Skryf dit neer.

5. Blaai na die teks op bladsy 97 “Vis en tjips dankie, ons is mos Brits” en beantwoord die volgende vrae.
   a) Skryf die hulpwerkwoord van tyd in die tweede sin neer.
   b) Skryf paragraaf 3 oor deur van 'n hulpwerkwoord van tyd en die toekomende tyd gebruik te maak.

6. Op bladsy 82 leer *In 'n neutedop* jou hoe om sinne in die korrekte woordorde te skryf. Skryf die volgende sinne oor deur die korrekte woordorde te gebruik.
   a) Die kinders eet hamburgers elke dag.
   b) In die oggend staan ek om sesuur op.
   c) Verlede jaar was ons Krugerwildtuin toe.
   d) Ons lees die storieboeke nie gereeld nie.
   e) Jy behoort nie lekkernye te eet elke liewe dag nie.

7. Dui aan watter van die volgende sinne se woordorde korrek is.

| **Sinne** | **✓ of ✗** |
|---|---|
| a) My maat bel my gereeld. | |
| b) Jakkals sien elke oggend hom. | |
| c) Dassie vererg gereeld hom vir die ongeskikte diere. | |
| d) Ek het gister hom by die skool gesien. | |
| e) Elke dag my ma gee my geld om kos by die Snoepie te koop. | |

8. Verbeter, indien nodig, die woordorde van die volgende sinne. Begin jou sin met die skuinsgedrukte woord.
   a) Jakkals wil gelukwens jou *vandag* met jou verjaarsdag.
   b) Baie versigtig tel *Dassie* die beseerde voëltjie op.
   c) *Ons* nie kan vandag buite in die reën sokker speel nie.
   d) *Eendag* jy sal vir Suid-Afrika rugby speel.

9. Herskryf die volgende sinne deur die dele tussen hakies op die korrekte plek in die sin in te voeg.
   a) Dassie staan geduldig by die boom en wag. (elke aand, om te gaan jag.)
   b) Klaas Vakie loop. (saans laat, om sand te strooi, vinnig.)